### *Verwondering oor Rafael se skryfkuns*

**73** **Cyrenius** sê: "Ja, ewige, geestelike Majesteit en Meester! Oor hierdie onderwerp (wette in die huwelik) het ek nou geen meer verdere vrae nie. Dit is alleenlik hoogs wenslik dat dit alles woordeliks opgeskryf moet wees, want dit omvat `n hele grondwet."

[2] **Ek** sê: "Kyk, Rafael sal dit vir jou doen, laat daarom skryfmateriaal vir hom bring!"

[3] Cyrenius beveel dadelik sy dienaars om vir skryfmateriaal te sorg, en hulle bring vinnig `n behoorlike hoeveelheid onbeskrewe perkamentrolle, en ook etlike koperplate om op te graveer. Nadat alles gebring is, roep Ek vir Rafael, wat vinnig na ons tafel toe kom en aan Cyrenius vra hoe hy dit geskryf wil hê, op perkament of op koperplate.

[4] **Cyrenius** sê: "Vir die daaglikse gebruik is dit beter op perkament, maar vir die latere nakomelinge sal dit beter en houbaarder op koperplate bewaar kan word. Maar as ek dit eenmaal volledig op perkament het, sal ek ook sorg vir `n afskrif op die koperplate."

[5] **Rafael** sê: "Weet u wat, omdat dit my tog nie meer of minder moeite en werk besorg of ek alles nou één of tweemaal opskryf nie, sal ek op één slag die rolle én die plate beskryf!"

[6] Die twaalf (gewese fariseers) aan die aangrensende tafel maak groot oë en wil nou baie graag toekyk en sien hoe die jongman tegelyk met altwee hande sal skryf.

[7] **Suetal** sê nog spesifiek vir Ribar: "Nou, vir die dubbele skrywery is ek baie benoud! Die groot Meester uit Nasaret moet dus ook `n bekwame skoolmeester wees, want hierdie soort skryfwerk het ek nog nooit gesien nie. Maar die son sal waarskynlik al ondergegaan het voordat hy alles opgeskryf sal hê wat die baie wyse Griek – wat gewis ook `n ouer leerling van die Nasarener is – so pas gesê het!"

[8] **Ribar** sê: "Dit is sterk afhanklik van sy snelheid van skryf! Miskien kan hy sy toorkuns ook by die skrywe gebruik, waarvan ons net so min weet as van die tot stand bringing van die vroeëre wonderdade. Ons het dit gesien en ook ondervind, maar hoe en waardeur dit tot stand gebring is, daarvan het ons nie die vaagste idee nie! Daarom moet ons `n voorgenome daad by hierdie mense, wat in ons teenwoordigheid al sulke groot dinge gedoen het, nooit vooraf in twyfel trek nie, totdat ons van die teendeel oortuig word deurdat die een of ander voorneme misluk!"

[9] **Suetal** sê; "Ja, ja, hierdie mening huldig ek ook, maar jy moet tog iets sê!"

[10] **Ribar** sê: "Broer, dit is hier werklik beter om altyd te swyg en verder maar net te kyk en te luister! Kyk, die jongeling kry die rolle en die plate gereed! Let dus maar goed op, want hy sal nou seker dadelik begin skryf!"

[11] **Suetal** staan nou op en staar noulettend hoe die veronderstelde jong leerling sal skrywe, maar toe hy skerper toekyk, ontdek hy dat alle rolle en plate alreeds volgeskryf is. Buite homself van verbasing daaroor, roep hy hardop: "Nee, iets groters as hierdie wonder bestaan daar nie! Ons wag nog dat die leerling moet begin met sy dubbele skrywery, en kyk nou, hy het alles alreeds klaar! Ag, dit gaan alle menslike begrip volkome te bowe en van so iets is daar nog nooit gehoor nie!"

[12] Met hierdie uitroep van Suetal staan al **twaalf** nou op, kyk na die geopende rolle en na die dig beskrewe plate, en almal oortuig hulself daarvan dat die rolle sowel as die plate heeltemal beskrewe is met goeie, suiwer en goed te lese skriftekens, en hulle vra hulleself af: "Hoe is dit nou moontlik?"

[13] **Rafael** merk die verbasing van sy tafelgenote en sê vir Suetal: "Kyk, dit kom van die agt visse wat ek geëet het, waarop jy ietwat jaloers was. `n Mens moet eers heelwat krag opbou as `n mens so `n werk goed wil uitvoer! - Of dink jy nie so nie?"

[14] **Suetal** sê: "Beste, wonderbaarlike vriend, jy wil my `n bietjie terg, maar daarvoor gee ek nie om nie, want ek sien dat jy `n enorme dosis goddelike almag besit en met jou sal nie getwis word nie! Die agt visse het jou sekerlik nie so `n almag gegee nie, maar slegs die goddelike, groot Meester uit Nasaret het dit vir jou gegee! Sorg jy daarom dat ons Hom nou vinnig te siene kry! Ons hart laat ons nou nie meer met rus nie, ons moet Hom sien en spreek! - Want nou sou óns ook graag vir Hom wil sien en spreek!"

[15] **Rafael** sê: "Wees nog bietjie geduldig totdat ek die geskrewene hier heeltemal in orde het, daarna sal ons eers gaan sien waar die groot Meester moontlik vir die blindes en dowes sit!" Daarmee is die twaalf tevrede en voorlopig hou hulle hulleself kalm.

[16] Rafael rangskik die rolle nou ordelik bymekaar en gee dit tesame met die plate aan die ook nie min verwonderde Cyrenius nie, wat dit dadelik deurkyk en die korrektheid daarvan verbasingwekkend vind.

### *Die onvermoë van Suetal om die Meester te sien*

**74** Terwyl Cyrenius verheugd sy rolle so vinnig as moontlik deurkyk en sy gesig daarby steeds meer respek uitdruk, sê Ek vir Rafael dat hy Jarah en Josoë nou weer kan onthef van hul tydelike, kort verbanning en hulle nou aan tafel moet roep. Die vaardige, hemelse dienaar doen dit baie vinnig en wanneer **Jarah** opdaag, sê sy ietwat bedroef: "Maar, o Meester, U My ewige, enigste liefde, dit was tog `n ontsettende lang gesprek waarvan ek niks mag hoor nie! Ek dag al dat dit nooit voor die nag sal ophou nie! Maar alle lof slegs aan U, dit is nou weer verby en ek het U weer terug!"

[2] Intussen gaan die engel na die twaalf, waarvan **Suetal** die eerste is wat hom baie oor Jarah verwonder en hy sê: "Luister nou eers, skone jongman, wat het daardie meisie, wat nouliks veertien lentes tel, nou met die wyse Griek aan? Sy skyn tot oor haar ore verlief te wees op die goeie man!? Toe jy na binne gaan, dag ek dat jy die Meester van die Meesters te voorskyn sou bring, maar toe bring jy hierdie verliefde meisie! Dit val baie op! Is sy dalk ook `n wonderdoende leerling van die groot Meester en het sy dalk in die huis in `n geheime kamer les gekry? Waarlik, daar duik by julle altyd maar verskynsels op waardeur `n mens in plaas van wyser, maar net dommer word, hoe meer jy goed daaroor nadink. Aan die een kant ongelooflike wonders, aan die ander kant dadelik weer gewone, menslike verskynsels. Sê jy my nou maar hoe `n eerlike mens van ons soort dit moet opneem. Soos wat ek nou ook werklik nie verstaan waarom ons die groot Meester, wat Homself eers deur middel van die wyse Griek letterlik aan ons wou opdring terwyl ons hom eintlik, om die waarheid te sê, gladnie wil sien nie, en Hy Homself nou gladnie laat sien nie! Wat het ons dan gedoen dat ons so lank moet wag, of sal ons Hom uiteindelik gladnie te siene kry nie!"

[3] **Rafael** sê: "Ja, vriende, as julle so blind is dat julle in die middel van die dag nog nie eers die son sien nie, dan kan julle nie gehelp word nie! As iemand te dom is, help dit niks dat `n mens vir hom sou sê: 'Kyk, hierdie is dit of dat!' Hy sal dit tog nie glo nie, want om te glo het `n mens `n ontwaakte verstand nodig, wat hom in noodgevalle ook self kan red. Maar as die verstand van `n mens nog te vas verbonde is aan die suiwer materie, help geen enkele aanwysing nie. So iemand moet dan eers tienmaal sy neus tot bloedens toe stamp voordat hy daaroor kan begin nadink waarom hy sy neus stukkend gestamp het! En so sal dit by julle ook moet gaan! Geen Elohim sal julle wyser maak solank julle nie self deur skade en skande wys geword het nie!

[4] Wat verwag julle dan nou van die groot Meester uit Nasaret? Mis julle iets wat Hy julle moet gee, of wil julle maar net uit pure nuuskierigheid kyk, net soos die dom mense hulle na vore dring om `n dansende beer aan te gaap? Helaas, die groot Verlosser is nie daar om Homself deur dom en ingebeelde mense uit pure nuuskierigheid te laat aangaap nie! Waarlik, as julle hart Hom hier tussen al hierdie mense nie kan vind nie, dan sal julle ingebeelde, groot verstand Hom nog baie minder vind - dit kan ek julle verseker!

[5] Word eers nederig in julle hart, anders kry julle die heilige, groot Meester nie te sien nie, want Sy Wese is selfs liggaamlik vervul met die totale Gees van Elohim!

[6] Hy is Meester oor hemel en aarde en voor Sy Naam moet alle knieë in die hemel, op aarde en onder die aarde hulle buig, want Sy Naam is meer heilig as heilig!"

[7] Na hierdie taamlike skerp woorde staan die engel op, verlaat die tafel van die twaalf en gaan weer aan ons tafel sit, waar Cyrenius hom nogmaals in My Naam baie vriendelik dank vir sy buitengewone hulp. Want die geskrewene bevat woord vir woord wat hy My gevra het en hoe Ek sy vrae beantwoord het.